Kraggakamma Gemeente

Kuberkamma

26 Januarie 2020

Matteus 7 vers 7 (NLV)

"Hou aan met vra en God sal vir julle gee. Hou aan met soek en julle sal kry. Hou aan klop en God sal die deur vir julle oopmaak."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

08h30 Eietydse Diens
09h45 Kategese ouerbesoeke en registrasie vir Graad 1 tot 11
10h00 Klassieke Diens
Die deurdankoffer gaan vir **Sinodaal – Jeug**

Program vir die Week

27 Januarie	18h00	Getuienisbediening
28 Januarie	17h30	Eiendomme
	19h00	Leef@Kerk
29 Januarie	18h00	Jeugbediening
25 Januarie	05h00	Mannebyeenkoms te Lilylaan 68

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

Preke

Die preke van 22 Desember, 25 Desember, 29 Desember, 31 Desember en 19 Januarie is op die **webwerf** beskiksbaar.

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

27 Januarie	Stehan Krause en Lizanne Vorster
28 Januarie	Alet Botha, Marony Jacobs, Marnu Malan, Jaco Morgan, Suné Potgieter, Helena Stroebel en Arné van Heerden
29 Januarie	Jacques Claassen, Samantha Jackson, Luther Landman en Marcia Thompson
30 Januarie	Christiaan Barnard, Christa Bosch, Jana Hiscock en MT van der Merwe
31 Januarie	Anri Bosch en Janré Viljoen
1 Februarie	Itersia Fourie, Ruan Gerber, Leana Maré en Gene van Heerden

Padkos

Ken die verskil tussen dringendheid en gejaagdheid

Daar's 'n verskil tussen dringende mense en gejaagde mense:

- Gejaagde mense verstaan hulle lewe in terme van eindelose *take* wat vir die Here afgehandel moet word. Dringende mense weer word aangevuur vanuit 'n diep innerlike oortuiging van hulle *liefde* vir die Here. Dankbaarheid teenoor Hom en nie plig nie, beweeg hulle tot daaglikse liefdesdiens.
- Gejaagde mense se *werk is nooit klaar nie*. Daar's altyd nog 'n gebed, nog 'n besoek, nog 'n vergadering. Dringende mense weet egter hulle is *in die Here se diens*. Daarom dien hulle Hom met 'n rustige dringendheid!
- Gejaagde mense rus *nadat* hulle vir die Here gewerk het, maar dringende mense dien Hom en ander *vanuit* hulle rus in God.
- Gejaagde mense *werk* vir die Here, maar dringende mense *leef* vir Hom. Hulle weet dit gebeur voltyds en lewenslank.
- Gejaagde mense sit opgeskeep met *skuldgevoelens* oor alles wat hulle nog moet doen. Dringende mense geniet *vryheid* in Christus. Hulle probeer nie om alles vir almal te wees nie. God se goedkeuring tel die meeste vir hulle.

Gejaagde mense blink uit in *beheer en kontrole* om almal in die "boks" te probeer hou en tot aksie aan te spoor. Dringende mense is weer *verhouding-aangedrewe*. Elke dag groei hulle nuwe verhoudings met God en ander.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert **http://www.ekerk.org/**]

Kubergroete tot volgende keer

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com